# HOOFSTUK 1

## "VUURTJIE IN DIE DROË GRAS"

*P.F. van der Schyff en J.J. Badenhorst*

### 1.1 Agtergrond en stigting

*P.F. van der Schyff*

> "In die geskiedenis van Suid-Afrika in die algemeen, en die Afrikanervolk in die besonder, is daar seker nie nog 'n beweging wat met soveel geesdrif en verwagting gestig is soos die Ossewa-Brandwag nie ... die vuurtjie in die Bloemfonteinse droë gras het 'n knetterende veldbrand in Suid-Afrika geword."[1]

Op Saterdag 4 Februarie 1939 het 'n groep besielde Afrikaners in die konsistorie van die NG-Tweetoringkerk in Bloemfontein vergader en die Ossewa-Brandwag gestig. Al die teenwoordige persone is as lede ingesweer, met aflegging van 'n plegtige eed om nie te rus alvorens die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie.[2]

Die Ossewa-Brandwag (OB) se wortels was diep ingebed in die geskiedenis van die Afrikaners se stryd om die bande met Brittanje te breek, om onderhorigheid aan 'n vreemde moondheid af te sweer, om — soos in die republikeinse era — oor sy eie lotgevalle te kan beslis.

Die verhaal van hierdie stryd teen Britse oorheersing[3] dateer so ver terug as die eerste en tydelike Britse besetting van die Kaap in 1795, wat twee dekades later deur 'n tweede en permanente besetting opgevolg is. Die Kaapkolonie het hom nou binne die invloedsfeer van die magtige Britse Ryk met sy wêreldtaal en -kultuur bevind, en soos 'n seekat het hierdie Ryk sy kloue steeds dieper die binneland in uitgesprei. In die proses het Afrikaner-trekkers, wat dit nie onder Britse bestuur kon uithou nie, en op eie stoom 'n eie toekoms elders gaan soek het, telkens maar weer teen die magsdronk imperialisme van die Ryksvoorstaanders te staan gekom:

* In Natal is hulle deur die Engelse uitgeboer.

* In die Trans-Oranjeriviergebied het die Engelse aanvanklik met sukses

die Boere se drang na selfbestuur gekortwiek, maar dit was van korte duur. Die Vrystaat het 'n modelrepubliek geword, net om na 'n heroïse stryd in die Anglo-Boereoorlog maar weer die knie te buig.

* Die gebied ten Noorde van die Vaalrivier was ook nie vir lank vry van Britse inmenging nie. Toe diamante en goud ontdek is, het die goue element van die ryksgedagte ("God, Gold and Glory") in samehang met die glorie van 'n wêreldryk te wees, die Britte tot avontuuraksies laat oorgaan, soos onder andere die anneksasie van die diamantvelde en die anneksasie van die Zuid-Afrikaanse Republiek. 'n Vernederende neerlaag by Amajuba, vroeg in 1881, het die magtige Britse Ryk laat steier, tot in sy fondamente geskud.

Maar Brittanje het nie bes gegee nie, soos blyk uit die sogenaamde Uitlanderkwessie, die driwwe-geskil, die abortiewe Jameson-inval en dan, uiteindelik, die drie-jaar-lange Anglo-Boereoorlog. Vir die Afrikanervolk, wat in die voorgaande paar dekades en juis onder die wolk van Britse bedreiging sy geledere gesluit en inderdaad as volk 'n wordingstydperk deurgemaak het, was die wegteken van sy onafhanklikheid 'n bitter pil om te sluk.

Die oorlog tussen Boer en Brit is wel na die uiterlike, op militêre gebied, deur die Britte gewen en by die Vrede van Vereeniging verseël, maar die stryd het voortgeduur — hierdie keer net op 'n ander vlak: dit het nou 'n politieke stryd geword om langs konstitusionele weg die ou ideale te bereik.

Die Afrikaner het egter in eie geledere 'n tweespalt beleef. "Vergewe en vergeet" was die nuwe slagspreuk van sekere leidende Afrikanervoormanne. Die "weg van eer en plig" is aangedui as sy-aan-sy en hand-aan-hand met die eertydse oorwinnaar — met Engeland en die Britse Ryk. Daarteenoor het gestaan diegene wat spoedig onder die vaandel van die Hertzogisme met sy slagspreuk "Suid-Afrika Eerste" verenig het. Hierdie De Wildt-kreet het na die verste uithoeke van die Unie van Suid-Afrika uitgekring en was 'n basuingeskal om die gees van verset teen vreemde (Britse) oorheersing weer wakker te skud. Die Nasionale Party het sy geboorte direk hieraan te danke, en Afrikaner-nasionalisme sou in hierdie vrugbare bedding gedy. Hierby het die gedagte van onafhanklikheid, van vrywording van die Britse juk, ook sterk ingang gevind.

Onvermydelik het die nostalgiese herinneringe aan vryheid en onafhanklikheid uit die vooroorlogse eras by die onafhanklikheidstrewe aangesluit, en sou dit mettertyd in 'n magtige wapen teen voortgesette ekonomiese, kulturele en politieke onderhorigheid aan Brittanje en die Britse Ryk ontwikkel.



Suid-Afrika se deelname aan en optrede en houding jeens die Eerste Wêreldoorlog is beskou as strydig met die beginsel van "Suid-Afrika Eerste". Gepaard met sterk emosionele beweegredes, waaronder die onblusbare onafhanklikheidsideaal, het hierdie optrede van die Botha-Smutsbewind hulle nie alleen velle kritiek op die hals gehaal nie, maar het dit inderdaad ook tot 'n gewapende opstand gelei. Die Rebellie van 1914–15 het as militêre onderneming platgeval, maar die morele uitwerking en gevolge daarvan was van die allergrootse betekenis vir die verdere verloop van die stryd teen voortgesette Britse onderhorigheid of afhanklikheid.

Die Nasionale Party het skouspelagtig gegroei en het daarin geslaag om in 1924, 'n dekade na sy stigting, die bewind oor te neem. Die samewerking met die Arbeidersparty was maar 'n uiterlike vertoon van 'n situasie waar die Nasionale Party hom meer en meer ook as 'n party vir die werkersklasse uitgewys het.

Teen die middel- en laat-twintigerjare kom daar geleidelik verwydering tussen genl. Hertzog en sommige van sy volgelinge. Die Balfourverklaring in 1926 het vir Hertzog die wenpaal in die wedloop om konstitusionele vrywording in die onmiddellike gesigsveld laat verskyn. Maar baie Nasionaliste was nie hiermee gediend nie. Vir hulle het die eindpunt veel verder gelê: afskeiding van die Britse Ryk, die verkryging van 'n republiek. En so ontwikkel daar gaandeweg 'n kloof binne die geledere van die eens so eensgesinde Nasionale Party ...

Om sake vir die regerende Nasionaliste nog moeiliker te maak, volg die haglike ekonomiese toestande by die oorgangstydperk tussen die tweede en derde dekades van die eeu: aktualiteite soos die wêreld-depressie, knellende droogtes, 'n groeiende armblankevraagstuk en die goudstandaardkwessie verdring vir 'n wyle die politieke kwessies van taalhandhawing, onafhanklikheid, afskeiding, republiekwording.[4] Die onhoudbaarheid van sake blyk uit die antwoord wat aan genl. Hertzog gegee is, toe hy aangevoer het dat samewerking met Smuts (wat as uitweg uit die haglike situasie aan die hand gedoen is) die handhawing van die Afrikaanse taal in die gedrang sou bring. Hierop het 'n lid van

die afvaardiging uit die platteland (moontlik kolonel Jacob Wilkens, LV vir Ventersdorp, self) vir Hertzog gepriem met "My God, Generaal: los die taal, ons volk vergaan!"[5]

Vroeg 1933 verstom Hertzog selfs sy volgelinge deur 'n koalisie met genl. Smuts aan te gaan.[6] 'n Stewige kern van die Afrikaners sou voortaan 'n eie weg bewandel. Om met Smuts en sy mense, en veral die oud-Unioniste in sy geledere, saam te werk en dit nogal onder een sambreel, het op die pleeg van politieke heiligskennis neergekom. Generaal J.B.M. Hertzog, die vader van die Nasionale Party en die man wat sy politieke loopbaan in 1912 op die spel geplaas het met die leuse "Suid-Afrika Eerste", het in die oë van hierdie Afrikaners, die "Gesuiwerde" Nasionaliste, na die vyand oorgeloop en die goeie saak verraai.

Die gevolg van die skeuring was 'n felle broedertwis, 'n onverkwiklike periode in die geskiedenis van die Afrikaner. Skelname soos "Smelter" en "Malaniet" het deel van die politieke woordeskat van die tyd geword en eertydse kollegas in die geledere van die politieke leierskorps is nou in onverbiddelike opponente omskep.

Teenoor Hertzog, wat deur koalisie en samesmelting te kenne wou gee dat die stryd wat hy in 1912 by De Wildt namens en vir die Afrikaner aangeknoop het, volstry was, het dr. Malan en die syne volgehou dat die Afrikaner nog nie sy regmatige posisie in die land bekom het nie. Malan het nou Hertzog se plek begin inneem as kampvegter vir die Afrikanersaak en hierin kon hy reken op groot steun in kultuur- en godsdienskringe. Dít terwyl 'n onverdraagsame en by tye geïrriteerde Hertzog al verder en verder weggedryf het van die krag wat hom sedert 1912 so skouspelagtig gedra het, naamlik Afrikaner-nasionalisme. Hy het by tye heftig te velde getrek teen Afrikaner-geestelikes en Afrikaanse kultuurorganisasies, terwyl hy die Broederbond as geheime organisasie as oorsaak vir die gevoel teen hom veroordeel het.[7]

In sekere Afrikanerkringe is die politieke verdeeldheid gewyt aan die politieke partystelsel as sodanig. In toenemende mate en sterk onder die invloed van Europese tendense, het 'n versetgevoel jeens die demokrasie en die kapitalisme by hierdie Afrikaners posgevat. Selfs genl. Hertzog het sy bedenkinge gekoester, maar dit was veral die Nasionaliste en die Nasionaal-gesinde pers wat nie gehuiwer het om die demokratiese stelsel te kritiseer nie.



Hiermee hang saam die sterk invloed wat groepies jong intellektuele Afrikaners op die Afrikaanse nasionale strewe van die tyd gehad het, soos die neo-Calvinistiese en veral die sogenaamde neo-Fichteaanse denkrigtings. Laasgenoemde, wat onder andere die nasie sien as "die totaalste, omvattendste menslike gemeenskap", is inderdaad tot 'n lewensbeskouing omvorm en het sonder veel moeite aanklank by baie Afrikaners gevind. Te meer so vanweë die noue aansluiting daarvan by die oorsese denkbeelde en ideologieë, waarvoor daar heelwat begrip by hierdie Afrikaners was.[8] Hierdie beïnvloeding het onder andere daartoe meegehelp dat die idee van 'n omvattende volksbeweging teen 1938 groot aanhang in Suid-Afrika verwerf het.[9]

Ook op ekonomiese gebied het dit met die Afrikaner steeds beter begin gaan en veral in die stede het die groeiende nasionalisme in Afrikanergeledere beslag begin kry. Die Afrikaner het ook sy armblankementaliteit begin afskud en geleidelik vir hom en sy taal en sy kultuur 'n regmatige plek begin opeis, terwyl hy ook op die arbeidsmark en in die beroepswêreld 'n impak begin maak het. Verder gestimuleer deur 'n groeiende aanwas in Afrikanergeledere, was daar inderdaad in hierdie tyd 'n sterk ontwaking van Afrikanernasionalisme te bespeur — 'n gevoel wat 'n sterk republikeinse inslag gehad het.

Die Eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938 het as 'n magtige katalisator op die sluimerende, broeiende Afrikanernasionalisme ingewerk: "Dit was die geweldigste demonstrasie vir selfhervinding, vir sedelike herbewapening en ideale-belewing wat Suid-Afrika nog gesien het."[10]

Die volkstrots van die Afrikaner het hoë vlugte aangeneem en sigbare vergestalting gevind in die simboliese Ossewatrek wat landswyd met groot entoesiasme en meelewing gepaard gegaan het.[11]

Onvermydelik is in die proses van volksontwaking na die verlede teruggegryp. Met nostalgie is aangehaal uit die Afrikaner se stryd om medeseggenskap in die landsbestuur, om beskerming van eie belange terwyl die tradisionele republikeinse tydperk as model voorgehou is. Maar ook die volgehoue stryd om konstitusionele vryheid en om die verbreking van die bande met Brittanje, wat sedert die Anglo-Boereoorlog 'n kroniese kwelling was, is steeds voorop gestel.

Van die simboliese Ossewatrek getuig J.H. (Hans) Abraham: "... dit (het)

die verbeelding van die mense aangegryp. Hulle het gevoel hier is nou iets waarmee ons weer kan uiting gee aan ons gevoel as 'n afsonderlike nasie, as 'n afsonderlike volk. Ons kan nou weer sê wat ons verbied word deur die groot sterk Verenigde Party, want die arme Gesuiwerde Nasionale Party hier in die Transvaal was baie swak gewees." En hy beklemtoon: "... die idee het die volk se verbeelding gegryp op die regte sielkundige oomblik. Die volk was nou al tot so ver vol van hierdie altyd-maar-terugdeins, altyd-maar-terugdeins, en al wat Brits en Britse tradisie is, wat op hulle van toepassing gemaak is ... En toe die Ossewa begin rol, was die geesdrig van die volk wonderbaarlik om te aanskou. Mense van wie jy dit nooit gedink het nie, van die ou Boer-Sappe, het aan die fees deelgeneem ..."[12]

L.J. du Plessis bestempel die Groot Trek-eeufeesvieringe as 'n "wonderlike selfontdekking van die Afrikanerdom as sodanig"[13], 'n Afrikanerdom met 'n lang, gebeurtenisvolle en by tye selfs 'n veelbewoë geskiedenis agter die rug, sedert die jong en voortvarende Hendrik Bibault in 1707 dié nuwe volk wat aan die suidpunt van Afrika sy beslag gekry het, as't ware gedoop het met sy versetuitroep: "Ik ben een Africaander ...!"[14]

A.P.J. van Rensburg sien dit só: "Die trek was 'n lewende kursus in die Afrikaner se geskiedenis — die Pad van Suid-Afrika wat deur Langenhoven met woorde geskilder is, het die ATKV met die wawiel laat ooptrap."[15] *Die Burger,* Kaapse Afrikaanse dagblad, het die betekenis daarvan in plastiese taal uitgedruk: "Vier maande het die simboliese ossewatrek oor die verlate vlaktes oor Suid-Afrika voortbeweeg. En met hulle het daar 'n stygende vloedgolf en geesdrif en besieling en volksontwaking op ongehoorde, onkeerbare wyse ... noordwaarts gerol. Die tog van die waens het meer as 'n triomftog geword. Die ossewa op trek — daarin het die Afrikaner die sinnebeeld gesien van sy volk se trek op die pad van Suid-Afrika."[16]

Prinsloo wys daarop dat daar verskillende vertolkings is van die rede vir die impak wat die herdenkingsaksies op die Afrikaner gehad het, maar kom tereg tot die bevinding dat "dié kulturele feesgety van Desember 1938 een van die grootste gebeurtenisse in die Afrikaner se volkslewe" was. Die gees van eksklusiewe nasionalisme, wat voor 1938 aan't ontwikkel was, is bevorder deur die kulturele ontwaking rondom die Groot Trek-eeufees en het uitgemond in 'n nasionale beweging in Afrikanergeledere wat sou poog om hom op alle terreine van die



samelewing of die volkslewe te manifesteer.[17]

Inderdaad was dit, soos dr. Malan dit gestel het, "'n volk in beweging"; die Afrikanerdom het homself weer ontdek, hy het van sy diep verborge krag bewus geword.

Dit was feitlik vanselfsprekend dat die eksklusief-Afrikaansgeoriënteerde "Gesuiwerde" Nasionale Party, vanweë sy besondere ywer vir die Afrikaner se kultuurerfenisse, in hierdie gebeurtenis — Simboliese Ossewatrek — die meeste, ja, feitlik alle louere vir hom sou probeer inpalm. Hertzog en die Afrikaners in Verenigde Party-geledere het half beteuterd buite in die koue gestaan, soos duidelik blyk uit die feit dat besware uit "Gesuiwerde" geledere hom laat besluit het om nie die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 waar te neem nie.

Hertzog self was in 'n baie ongemaklike posisie en moes sy uiterste bes doen om die eenheid in die Verenigde Party te handhaaf toe daar in hierdie tyd juis kwessies ontstaan het betreffende die speel van Die Stem op 'n militêre parade, die waai van die Unievlag en die herdoping van Robertshoogte tot Voortrekkerhoogte. Boonop het die groeiende Afrikaner-nasionalisme onder veral Engelstaliges en in die Engelse pers kwade gevoelens tot gevolg gehad.[18]

By tye is gepoog om die strydbyl in Afrikanergeledere te begrawe, om oor al die onmin en die twis van die voorafgaande paar jaar heen te kyk. Sy dit nie juis op leiersvlak nie, het daar wel by die gewone man in hierdie tyd 'n hunkering en verlange na die herstel van Afrikanereenheid opgevlam.[19] Vanuit verskeie oorde is gepoog om sodanige eenheid te bewerkstellig.

Dr. E.G. Jansen, voorsitter van die Sentrale Voortrekkereeufeeskomitee, het 'n "politieke wapenstilstand" vir Desember 1938 tussen Malan en Hertzog voorgestel, terwyl ook dr. Albert Hertzog met pertinente samewerkingsvoorstelle tussen die strydende Afrikanerfaksies na vore gekom het. Uit akademiese kringe het proff. A.C. Cilliers, E.C. Pienaar en andere dieselfde oogmerke nagestreef, maar van al hierdie goedbedoelde pogings het op die ou end niks gekom nie.[20]

In hierdie tyd het die Ossewa-Brandwag op die toneel verskyn, met die

welluidende frase "bestendiging van die Ossewa- en Eeufeesgees in die land" as motivering in die eerste konstitusie vervat.[21]

Die oorsprongsgedagte van die OB kan teruggevoer word na 'n beweging wat sedert 1935 onder Vrystaatse Afrikaners vaardig was om die Verdedigingsmag te verafrikaans, 'n beweging waarin eers kol. J.C. Laas en later ook die Vrystaatse Administrateur, dr. J.F.J. (Hans) van Rensburg die leidende rolle gespeel het.[22] Ten einde die militante aard van sy kommando-erewagte of sogenaamde "Brandwagte" in die lig van regeringsteenkanting te verbloem, het dr. Van Rensburg voorgestel dat dit aan die Groot Trek-eeufeesvieringe gekoppel word.[23] Sodanige koppeling sou allesbehalwe vreemd wees, gesien in die lig van die Afrikaner se lang en veelbewoë militêre tradisie en die baie resente voorbeeld van die Handhawersbond, wat in 1930 die lig gesien het.[24]

Van Rensburg se voorstel was 'n meesterlike skuif. Die gemene deler van Laas se strewe en die Groot Trek-eeufees was juis die strewe om die Afrikaner se posisie te verbeter — enersyds in die Verdedigingsmag, andersyds op die breë terrein van die volkslewe in sy geheel waar volkseenheid en die herstel van die republikeinse onafhanklikheid die oorheersende motiewe was. Die idee van 'n omvattende volksbeweging het reeds sterk inslag gevind, onder andere in die hoogste Afrikaner-kultuurkringe. Met die aankoms van die eerste waens van die simboliese Ossewatrek in Bloemfontein vroeg in Oktober 1938 het die Uitvoerende Raad van die Afrikaner-Broederbond aldaar vergader. Dr. Van Rensburg het in sy welkomswoord die hoop uitgespreek dat die waens die volk oor party- en persoonlike geskille en verskille heen sou saambind.[25] Prof. H. van der Merwe Scholtz van die Vrystaatse Universiteit het met kol. Laas die gedagte bespreek om 'n organisasie te stig "wat die gees van die Ossewatrek sou bestendig in diens van die Voortrekkerideale en die volk".[26]

Toe 'n tweede groep waens op 21 Oktober arriveer, is die gedagte verder bespreek tussen Laas en enkele ander leidende Afrikaners. Sy voorstel dat 'n Ossewa-Brandwag gestig sou word, het groot byval gevind en is verder deurgegee.

Vroeg in November kom vyftien persone in Bloemfontein byeen en word besluit om oor te gaan tot die stigting van die Ossewa-Brandwag. 'n Bestuur is aangewys, bestaande uit ds. C.R. Kotzé (voorsitter), prof. H. van der Merwe Scholtz (sekretaris) en kol. Laas wat as leier en organiseerder sou optree. Prof. Scholtz moes 'n konstitusie voorberei.



Die volgende persone het hierdie historiese byeenkoms aan huis van dr. J.C. Pretorius in Whitesweg, Bloemfontein bygewoon: Proff. D.F. Malherbe, H. van der Merwe Scholtz, J. de W. Keyter, J.G.A. Arndt en J.G. Dekker, drr. J.C. Pretorius en J. Stegmann, predikante C.R. Kotzé, D.G. van der Merwe en P.J. Pienaar, kol. J.C. Laas en mnre. S.J. Naudé, J.A. Schlebusch, G. van Tonder en N. van Tonder. Laasgenoemde twee broers was van Dewetsdorp afkomstig, en die res almal Bloemfonteiners.[27]

Hoe sake presies verloop het hierna, is nie duidelik nie. Skynbaar het kol. Laas dadelik in veral die Vrystaat begin lede werf en het hy hom toegespits op Burgermaglede. 'n Tweede vergadering is aan huis van prof. Scholtz gehou, waar onder andere aandag gegee is aan 'n konstitusie.[28] Inmiddels is alle aandag en energie egter toegespits op die eeufeesvieringe ter herdenking van die Groot Trek, wat op 16 Desember 1938 by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument 'n hoogtepunt bereik het.

Die nuus van die voorgenome stigting van die Ossewa-Brandwag het aandag getrek en in Reitz het 'n leidende persoonlikheid, P.J. Oosthuizen, ywerig voorbrand begin maak.[29] 'n Student van die Bloemfonteinse Universiteitskollege, J.C.B. Schoeman, het ook rondgereis, propaganda gemaak en kennisgewings van die beoogde stigtingsvergadering op 4 Februarie 1939 uitgestuur.[30]

Op dié Saterdagaand het ongeveer vyftig Afrikaners "in 'n atmosfeer van geheimsinnigheid" in die Oranje-Koffiehuis in Bloemfontein byeengekom. Om nog meer privaatheid te hê, is die vergadering na die konsistorie van die NG-Tweetoringkerk verskuif. Ds. C.R. Kotzé het as voorsitter opgetree.[31]

Naas diegene wat in November byeen was, het 'n dertigtal aangestelde offisiere uit die Vrystaat en twee Transvalers, J. van Wyk de Vries en A. Spies hierdie stigtingsvergadering bygewoon.[32]

Op die vergadering is besluit dat die oogmerke van die nuwe beweging sowel as die name van die stigterslede voorlopig geheim gehou sou word. Mnr. P.J. Oosthuizen het niks hiervan gehou nie en die vergadering verlaat, onder andere ook omdat daar van die beloofde konstitusie

nog geen tekens was nie.[33]

Wat die doel met die geheimhouding was is nie duidelik nie: bes moontlik was dit die breinkind van kol. Laas, "die geheimsinnige stryder"[34] wat besig was om vir hom naam te maak as iemand wat liefs sy ding in die geheim wou doen.

Op die vergadering is ds. C.R. Kotzé as voorsitter aangewys met kol. Laas as leier en organiseerder. Op Maandag 6 Februarie 1939 is die stigting aangekondig van "'n lewenskragtige organisasie wat ten doel het die samesnoering van alle Afrikaners in die Unie en die voortsetting en bestendiging van die Ossewa- en Eeufeesgees".[35] Die teenwoordige lede het 'n plegtige eed afgelê om nie te rus alvorens die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie.[36]

By die bekendstelling van die nuwe beweging het kol. Laas sterk aangedik en "is die omvang van die beweging ... so kolossaal geskilder dat navrae uit alle dele van die land in die volgende paar weke binnegestroom het."[37] Die man wat só eerlik die sluier gelig het oor die doelbewuste poging om die OB as magsfaktor te identifiseer, was N.G.S. van der Walt, 'n verslaggewer by 'n Bloemfonteinse dagblad, *Die Volksblad*. Skynbaar vanweë sy posisie in die reklame-wêreld maar seker ook omdat Van der Walt reeds in hierdie stadium intens betrokke was by pogings om 'n volksbeweging daar te stel, is hy op Sondag 5 Februarie deur kol. Laas genader om as sekretaris van die OB op te tree.[38] Dit was net wat die pasgebore "volksbeweging" nodig gehad het, want "in my dubbele hoedanigheid ook as joernalis was ek in staat om dadelik 'n sterk en aanhoudende propaganda in die pers te loods."[39]

Die publisiteit het sy doel bereik en weldra is vanuit verskeie oorde belangstellend navraag gedoen.[40] Die eerste tak of afdeling van die OB is op 17 Februarie te Reitz gestig, en juis deur die persoon wat op 4 Februarie uit die Tweetoring-konsistorie uitgestap het: P.J. Oosthuizen. Hoewel hy toenemend frustrasie ontwikkel het oor openlike teenstrydighede en geheimsinnighede binne die organisasie, het Oosthuizen — 'n onderwyser — byna liries geraak oor die plek wat die Ossewa-Brandwag behoort in te neem: "Ons sal ons gemoedsaandoeninge omskep in dade en ons sal van hierdie beweging maak die sublimering van ons intiemste Afrikanerbegeertes en die verwesenliking van ons hoogste Afrikanerideale en ons sal dit regkry deur die kragtige optrede van die jeug van Suid-Afrika wat herhaaldelik die belofte afgelê het: Die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of oorwin het ... ons sal van die Ossewabrandwag probeer maak 'n instelling wat die Afrikaners se drang tot nasionale uiting sal bevredig."[41]



Laas se afwesigheid, die in-gebreke-bly om die beloofde konstitusie by die geleentheid gereed te hê en 'n verdere versoek van Laas om die bestuurslede se name geheim te hou, het meegebring dat Oosthuizen se hart en mond nie in hierdie stadium lekker kon saampraat nie. Hy het vermoed dat kol. Laas 'n vrymesselaar en die OB gevolglik 'n "kosjerbeweging" was.[42]

Na buite gedra deur "geweldige propaganda" in die Afrikaanse pers, onder andere versorg deur *Die Volksblad*-verslaggewers wat voortdurend "die blink-kant bo" moes hou, het die organisasie na binne nie 'n te gesonde beeld vertoon nie. Sekretaris N.G.S. van der Walt moes feitlik man-alleen die organisasie behartig wyl kol. Laas as enigste ander gesagsdraer voortdurend op reis was "om in 'n dolle vaart te stig en te ontstig ... Dit was eenvoudig onmoontlik om enige beheer oor sy bewegings en aanstellings te hou ... dit kan seker 'n bewys wees van die spontane ontstaan en groei van die beweging dat die OB ten spyte van sy ywer gegroei het — hoewel juis op die plekke wat die verste van hom verwyder was."[43]

'n Maand na die stigting van die OB berig Van Wyk de Vries vanuit Transvaal positief oor propaganda wat gedoen is, en dat daar mettertyd met die "eintlike organisasie" begin sal word.[44] Teen 20 Maart rapporteer Van der Walt dat "verskeie takke" in die Vrystaat gestig is, dat meer sal volg en dat in Transvaal twee adviserende rade te Potchefstroom en Pretoria gestig is om takstigting waar te neem.[45] Inmiddels het Laas naamlik gesê dat Transvaal oor nie minder nie as 100 takke en 120 000 lede beskik! Die *Sunday Times* het die ledetal van die OB in dié stadium op 100 000 geskat.[46] Om sake te vererger, het die oorspronklike bestuur intussen in duie gestort en het 'n aantal Vrystaatse generaals saam met Laas aldaar die leisels in die hande gehad.[47] Die afwesigheid van 'n pertinente konstitusie het intussen al hoe meer ontevredenheid ontlok, en in die proses het kol. Laas nog verdere antipatie gesaai met bontpratery, onder andere deur te verkondig dat daar wel 'n konstitusie was maar dat dit te gevaarlik sou wees om te publiseer![48]

Reeds op 10 Mei 1939 het Van Wyk de Vries vanuit Transvaal gewaar-

sku teen 'n sekere persoon genaamd Stokes, wat die OB blykbaar met 'n vreemde moondheid wou verbind en also met geweld die staatkundige terrein wou betree. Van Wyk de Vries spreek hom sterk uit teen enige "heulery met vreemde moondhede" en waarsku Laas en Van der Walt dat Stokes dalk 'n regeringspioen kan wees.[49]

Dit sou later blyk dat die OB-leier, kol. Laas, nie Van Wyk se sterk afkeer van heulery met 'n vreemde moondheid gedeel het nie ...[50]

Op 27 Mei 1939 is die eerste volwaardige bestuursvergadering gehou, met net twee van die oorspronklike bestuurslede — di. Van der Merwe en Kotzé — nog in OB-geledere. Ander aanwesige persone was adv. C.R. Swart, kol. Laas, mnr. N.G.S. van der Walt (sekretaris), mnre. J.J. Coetzer (Winburg), G.W. van Tonder (Dewetsdorp), Muller van Rensburg (Boshof) en J.F. van der Merwe (Paul Roux). Na afloop van die vergadering is 'n verklaring uitgereik dat die OB 'n suiwer kultuurliggaam was, en is die name van die (nuwe) Vrystaatse bestuur vir die eerste keer bekend gemaak. Op dié vergadering is ook 'n ontwerpkonstitusie bespreek.[51]

Hierdie verwikkeling het nie voorkom nie dat Oosthuizen op 10 Junie 1939 in 'n dramatiese stap en met uitvoerige opgaaf van redes die Reitztak van die OB, wat as eerste tak van die beweging deur homself in aansyn geroep is, ontbind het.[52] Nie alleen het hy die inkonsekwentheid van kol. Laas en die voortdurende weersprekings as redes vir die ontbinding voorgehou nie, maar ook die wyse waarop ampsdraers aangewys is, het Oosthuizen diep gegrief. 'n Geskil met politieke ondertone, tussen Laas en J.G. ("Kaalkop") van der Merwe van Heilbron, is ook by die kwessie betrek.[53]

In 'n ontleding van die situasie het Oosthuizen die sogenaamde kultuurfunksie van die OB sterk bevraagteken. Die slotsom waartoe hy geraak het, was dat die OB niks anders was nie as 'n geheimsinnige, dubbelslagtige "kosjer-beweging".[54]

Op 'n vergadering van die Beheerraad van die OB, gehou op 17 Julie 1939, het Laas vordering gerapporteer, maar sonder enige noemenswaardige detail. Wat Transvaal aanbetref, is moontlike samewerking met die Mynwerkersunie voorsien, doen Van Wyk de Vries goeie werk en is enkele mooi skenkings ontvang; in Natal was daar skakeling met die



Swarthemde. In die Kaapprovinsie was nog geen takke gestig nie, maar Laas is uitgenooi na "verskeie" plekke. In die Vrystaat, sê hy, is "verskeie" kommando's gestig.[55]

By hierdie vergadering is 'n Hoofraad ingestel, Laas formeel as kommandant-generaal aangewys en uitvoerende rade vir Transvaal en die Vrystaat aangewys. Die Transvaalse UR het bestaan uit drr. G. Cronjé, Tomlinson, P.L. Botman (sic.), P.J. Meyer, proff, A.J.H. van der Walt en Labuschagne en mnre. Theo Wassenaar en J.D. le Roux. Die Vrystaatse leiers was ds. C.R. Kotzé, adv. C.R. Swart, kol. Laas, ds. D.G. van der Merwe, mnr. Mike van der Merwe en mnr. L. Scholtz.[56]

Op 1 September 1939 word 'n vaste kantoor vir die OB in Bloemfontein geopen. Teen dié tyd het ook N.G.S. van der Walt al genoeg gehad van kol. Laas, wat na sy mening besig was om van die Ossewa-Brandwag 'n klug te maak, terwyl die OB-bestuur nie by magte was nie of selfs dalk onwillig was om teen hom op te tree. Selfs nie eens die nuwe konstitusie kon Laas aan bande lê nie en Van der Walt en ander jong manne het tevergeefs hul lot by die Bestuur bekla: laasgenoemde was bang dat Laas skeuring kon veroorsaak. Van der Walt was van opinie dat die OB op 'n onnatuurlike dood afstuur en hy het gevolglik sonder veel wroeging die sekretarisskap neergelê.[57]

Vroeg in 1940 het daar, ondanks die groeiende ontevredenheid oor Laas, 'n sterk oplewing in belangstelling vir die OB na vore gekom. Hierdie oplewing het sonder twyfel verband gehou met die oorlogsituasie en die sterk onderskraging wat die beweging van die kant van anti-oorlogsgesinde politici gekry het. Die Opposisie se sterk verset en teenkanting teen oorlogsdeelname het ongetwyfeld 'n baie gunstige klimaat geskep waarin die OB kon gedy.[58] Die enigste blok aan die OB-been was hul leier, kol. J.C. Laas.

Laas se aktiwiteite het veral in die Vrystaat 'n demoraliserende uitwerking gehad. N.G.S. van der Walt se opvolger in die sekretariële stoel, mev. Benade, het later sy voorbeeld gevolg deur die pos te ontruim en wel, soos Van der Walt dit stel, "uit moedeloosheid vir die chaos."[59] Selfs in Transvaal was die situasie maar bra deurmekaar en wou ds. S.J. Stander, wat ds. Kotzé as voorsitter van die Hoofraad opgevolg het, kol. Laas voor stok kry.[60]

'n Breukspul was op hande. Van der Walt vertel só van die verdere ver-

loop van gebeure:[61]

> "Omstreeks Junie het daar 'n sterk beweging onder ons jong mense in die Vrystaat en Transvaal ontstaan om die O.B. van sy leiding te suiwer of so nie iets te begin. So het daar 'n vergadering in Bloemfontein daardie tyd plaasgevind waar 'n paar verteenwoordigers uit Pretoria ook teenwoordig was onder wie C.L. de Jager. Op daardie vergadering is besluit om 'n nuwe beweging onder die jong manne te begin tensy Laas uitgedruk kan word. In Augustus kry ons ons kans toe Laas vir De Jager aanstel as sekretaris — ook onkonstitusioneel! Ek het destyds nog taamlik kontak met die O.B.-leiding gehad, en dit was ek wat aan adv. Swart van hul nuwe sekretaris vertel het! Die bestuur het daar toe nog geen kennis van gedra nie. Adv. Swart het egter belowe om die aanstelling te erken en De Jager teenoor Laas te handhaaf as amptenaar van die bestuur. Nadat hierdie mag verseker was, het De Jager bevel oorgeneem van die kantoor. Hy het Laas binne paal en perke geplaas, en binne enige weke het hy daarin geslaag om Laas te oortuig van sy onbekwaamheid en ongewildheid, sodat Laas sy bedanking ingedien het. Kort daarna het Laas weer aangedring dat sy stap herroep moes word, maar die bedanking was toe al ingedien en sou op die volgende Grootraadsvergadering behandel word."

Laas se Vrymesselaar-lidmaatskap was ook 'n doring in die vlees van talle Afrikaners. Saam met vasberade pogings om wantoestande op organisatoriese vlak uit te skakel, het die Grootraad van die OB besluit dat lidmaatskap van geheime internasionale organisasies nie te rym was met OB-lidmaatskap nie. Hierdie voorstel is gedoen deur ds. J.D. Vorster, 'n Kaaplandse verteenwoordiger op die Grootraad.[62]

Die OB-wêreld, tot 'n groot mate sy eie maaksel, het kennelik vir Laas te warm geword en hy het gevolglik sy bedanking ingedien. J.A. Smith, wat as dryfkrag agter die Kaaplandse organisasie 'n veel hegter grondslag daar gelê het as wat in die Vrystaat die geval was, is tydelik as waarnemende kommandant-generaal aangestel.[63]

Intussen het bomontploffings en sabotasiedade sporadies rus en orde versteur, en in afgeleë plekke was groepe besig met militêre oefeninge. Die vinger is al hoe meer na die Ossewa-Brandwag gewys.[64] Hier en



daar, in die op-die-oog-af-vreedsame verhoudingsveld van die H.N.P. en OB, het 'n rokie uitgeslaan.[65] Laas se verdwyning van die toneel was tydig, gesien die behoefte aan 'n sterk en stewige hand om al die los toutjies saam te vat en byeen te hou.

Op 1 Januarie 1941 aanvaar dr. Hans van Rensburg, uitgetrede Vrystaatse Administrateur die kommandant-generaalskap van die OB. Vir dié beweging, maar ook op veel breër vlak, het 'n nuwe era aangebreek.

## 1.2 Vroeë organisasiestruktuur*

*J.J. Badenhorst*

Aangesien die Simboliese Ossewatrek die saambindende faktor was, is besluit dat die kommandostelsel van die Voortrekkers die basis van die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag moes vorm. Op die loodsvergadering in November 1838 is ds. C.R. Kotze (voorsitter), prof. H. van der Merwe Scholtz (sekretaris) en kol. J.C.C. Laas (hoofleier en organiseerder) tot die bestuur van die beweging verkies.[66] Die amptelike stigting het eers op 4 Februarie 1939 plaasgevind.[67] Tussen November 1938 en dié datum is wel met organisatoriese werksaamhede voortgegaan, hoewel dit nie duidelik is waarom daar met die bekendmaking van die nuwe organisasie gesloer is nie. Tydens hierdie fase van die Ossewa-Brandwag se bestaan is persone ook aangestel om die plaaslike propagering en stigting van kommando's landwyd te hanteer.[68]

Kol Laas se onvermoë om as leier van die Ossewa-Brandwag op te tree, het reeds vroeg deurgeskemer. Hy het, nadat hy reeds kommandante aangestel het, op 4 Februarie 1939 'n indeling gemaak waarvolgens elke dorp onder die bevel van 'n assistent-kommandant ressorteer terwyl nege dorpe (drie eenhede) dan weer 'n kommandantskap vorm. Drie hoofkommandantskappe sou weer op hul beurt saam 'n generaalskap vorm.[69] As gevolg van die vroeëre aanstellings van kommandante per dorp of distrik het die beoogde rang van assistent-kommandant nooit gerealiseer nie.

Voortvloeiend uit hierdie eerste tentatiewe gedagtes oor die onderlinge

* Verwerk en oorgeneem uit *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, jr. 12 no. 3, Des. 1987.

posisie van kommando's het die organisatoriese onderbou van 'n kommando ook probleme opgelewer. Gedurende April 1939 dui N.G.S. van der Walt, die OB-sekretaris, aan dat 'n veldkornetskap uit 50 tot 450 lede kan bestaan.[70] In die konsepgrondwet wat hy egter in Mei 1939 opgestel het, is 'n veldkornetskap beperk tot 'n maksimum van 300 lede, terwyl 'n assistent-veldkornetskap uit nie meer as 100 lede mag bestaan nie.[71] Hoewel die indeling wel in die konstitusie opgeneem is, was dit nie voorskriftelik betreffende die getalle nie.[72]

Dit het spoedig geblyk dat die indeling nie voldoende was nie en in September 1939 is kommando's se assistent-veldkornetskappe verder in korporaalskappe onderverdeel.[73] Kort hierna het sersantskappe in November 1939, waarskynlik na aanleiding van 'n ongekende groei in die ledetal van die beweging, hulle verskyning gemaak.[74] Hierdie groeifase het op die oorlogsverklaring van September 1939 gevolg.[75] Verder is die strukturele onderbou van die kommando's ook beduidend vanuit die Unieverdedigingsmag beïnvloed as gevolg van Laas se verbintenis met die Burgerkommando's in die Vrystaat. Die indelings is egter nooit in die konstitusie van die beweging opgeneem nie.[76]

Die twee range (korporaal en sersant) het nie in die kommandostelsel van die Boere (die voormalige Republieke) neerslag gevind nie. J.D. Vorster meld dat slegs twee range wat in die Kaap ontstaan het — kommandant en veldkornet — deur die Voortrekkers die binneland ingeneem is[77] en J.J. van Heerden toon dat hieruit gegroei het die range van assistent-veldkornet, hoofkommandant (Potgieter) en kommandant-generaal. Hy wys ook daarop dat tydens die Tweede Vryheidsoorlog die Republikeinse magte van die rang van veldkornet, kommandant, veggeneraal en kommandant-generaal gebruik gemaak het. Toe daar meer as een gevegsfront geopen is, is 'n assistent-kommandant-generaalskap uit twee of meer veggeneraalskappe op die onderskeie gevegsfronte geskep.[78]

Die OB het dus bekende offisiersrange gebruik — behalwe generaal pleks van veggeneraal. Dit sou die kultuurorganisasie moontlik onder te groot verdenking geplaas het! Die onderoffisiersrange van korporaals en sersante was egter bekend uit die Suid-Afrikaanse militêre tradisie, want reeds in die kompanjietydperk is bewakingsposte, beman deur 'n sersant, korporaals en soldate, ingestel wat as steunpunte vir die burgers sou dien om hulle in 'n vyandige omgewing te handhaaf.[79]

Die rangstruktuur van die OB was teen die einde van 1939 bykans voltooi, maar tog het militêre gebruike nog nie behoorlik onder die lede van die beweging posgevat nie. Hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan duidelike leiding deur die kommandant-generaal (KG), kol. Laas, is daar voortdurend gevind dat die korrekte bevelskanale nie in die organisasie nagevolg is nie. Selfs die KG was skuldig aan die gebruik om die hiërargiese beheerstruktuur te misken en direk met persone te skakel.[80] Dit het tot onvergenoegdheid gelei en was later direk daarvoor verantwoordelik dat hy uit sy kommandant-generaalskap uitgewerk is.[81]

Die Kaaplandse en Transvaalse Beheerrade van die OB het egter duidelike uiteensettings (vergelyk onderskeidelik fig. 1 en 2) van die kommandostelsels in hulle onderskeie provinsies die lig laat sien. Hierin is alle organisatoriese aangeleenthede ondubbelsinnig uiteengesit.[82] Sodoende is die verwarring, wat so kenmerkend van die Laas-episode was, uiteindelik hokgeslaan.

**Fig. 1: Skematiese voorstelling van 'n OB-kommando in Kaapland teen die einde van die Laas-periode.**

kommandantskap
kommandant
adjudant (veldkornet sonder manskappe)

veldkornetskap, veldkornet | veldkornetskap | veldkornetskap

assistent-veldkornetskap, assistent-veldkornet, sersant | assistent-veldkornetskap | assistent-veldkornetskap

korporaalskap, 1 korporaal, 7 brandwagte | korporaalskap, 1 korporaal, 7 brandwagte | korporaalskap, 1 korporaal, 7 brandwagte

**Fig. 2: Skematiese voorstelling van 'n OB-kommando in Transvaal teen die einde van die Laas-periode.**

kommandantskap
kommandant

- veldkornetskap — veldkornet
  - assistent-veldkornetskap — assistent-veldkornet
    - sersantskap — sersant
      - korporaalskap — 1 korporaal, 7 brandwagte
      - korporaalskap — 1 korporaal, 7 brandwagte
      - korporaalskap — 1 korporaal, 7 brandwagte
    - sersantskap
    - sersantskap
  - assistent-veldkornetskap
  - assistent-veldkornetskap
- veldkornetskap
- veldkornetskap

In wese verskil die Kaaplandse indeling van dié in Transvaal slegs in die opsig dat Kaapland een sersant per assistent-veldkornetskap toegelaat het, terwyl daar drie sersante in 'n assistent-veldkornetskap van Transvaal teenwoordig was. Ten einde uitsluitsel oor die onderlinge verskil te verkry, is dit voor die Grootraad te berde gebring. Op 3 Oktober 1940 het die Grootraad besluit dat beide die stelsels aanvaar word.[83]

Met hierdie besluit val twee aspekte onmiddellik op. Eerstens was daar vir die eerste keer doelbewus en duidelik leiding vanuit die Grootraad oor organisatoriese aangeleenthede op kommandovlak en tweedens is daar op lange laas soepelheid in die organisasiestruktuur ingebou.



Dit was nou moontlik om beide plattelandse en stedelike eise in strukture te akkommodeer wat nie wesenlik van mekaar verskil het nie. So byvoorbeeld kon Transvaal se groot Kommandantskappe (elk versprei oor 'n relatief klein area, met die Witwatersrand as die hartlandgroei van die beweging) en die Kaap met 'n plattelandse indeling van 'n aansienlik kleiner kommandantskap (op sy beurt weer versprei oor 'n relatief groot area) 'n eenvormige beeld na buite vertoon.

Die Vrystaat het in opvolging van die Grootraad se besluit in hierdie verband, 'n kommandostelsel ingestel wat na aan die Kaapse struktuur verwant was. As gevolg van die plattelandse eise is die grootte van die kommando in die Vrystaat tot 263 lede beperk (vergelyk figuur 3).

**Fig. 3: Skematiese voorstelling van 'n OB-kommando in Vrystaat teen die einde van die Laas-periode.**[84]

kommandantskap
kommandant
staf van die kommandant
adjudant (veldkornet)
3 sersante
9 brandwagte

- veldkornetskap — veldkornet; staf van die veldkornet: 1 sersant, 3 brandwagte
  - assistent-veldkornetskap — assistent-veldkornet; staf van die assistent-veldkornet: 1 sersant
    - korporaalskap — 1 korporaal, 7 brandwagte
    - korporaalskap — 1 korporaal, 7 brandwagte
    - korporaalskap — 1 korporaal, 7 brandwagte
  - assistent-veldkornetskap
  - assistent-veldkornetskap
- veldkornetskap
- veldkornetskap

Die opvallendste kenmerk van die Vrystaatse indeling is dat die gedagte aan 'n staf vir die onderskeie bevelvoerders hier ingevoer is. Dié gedagte sou in die latere ontwikkeling van die kommandostruktuur onder die bevel van die nuwe kommandant-generaal, dr. J.F.J. van Rensburg, volledig uitgebou word.[85] Dit is so dat hierdie gedagte ook nie net in 'n kommandantskap tot uiting gekom het nie, maar die hoofkommandant het ook 'n staf bestaande uit 'n adjudant (rang: kommandant) en drie sersante gekry, terwyl 'n generaal op sy adjudant (rang: hoofkommandant), drie sersante en nege brandwagte kon reken.[86]

Die wyse waarop die stelsel in Natal toegepas is, was baie vaag, aangesien die optrede van Laas sommige Afrikaners met wantroue teenoor hom vervul het.[87] Dit, sowel as die indeling, het in Natal probleme opgelewer. Die rede hiervoor was dat groot gebiede "uitsluitlik deur 'rooies' bewoon word", wat onmoontlik was om te beïnvloed, sodat daar teen Augustus 1939 nog nie 'n eweredige indeling van OB-gesindes, "onse mense", verkry kon word nie.[88] Die oorlogsverklaring het in Natal ook tot 'n oplewing bygedra, maar om die Afrikaanssprekendes op te spoor en te betrek, het steeds probleme opgelewer.[89]


Ten einde teenstand uit regerings- en nie-Afrikanerkringe te hanteer, is besluit om in die areas waar daar aan OB-potensiaal mank gegaan is,[90] op 'n ander grondslag as in ander gebiede te organiseer. Hulle het besluit om op 'n geheime grondslag te werk te gaan[91] en baie het in die geheim lede van die beweging geword.[92] Daarmee saam is die organisasie in Natal selfs in 'n groter mate as in die ander provinsies deur die oorlogsmaatreëls van die regering gekortwiek. Die probleem het nie net ontstaan as gevolg van administratiewe gebreke nie,[93] maar ook omdat daar nie vrylik geleenthede was waarop 'n kommando in broederskap kon saamkom nie. Geleenthede om "braaivleise" te hou, waardeur fondse vir die beweging geïn kon word, was in Natal net nie moontlik nie.[94]

Die opbou van 'n behoorlike administrasie is veral na September 1939 deur die geweldige groei van die beweging genoodsaak. Dit het daartoe aanleiding gegee dat voltydse amptenare in diens geneem is. Diegene wat op dié wyse tot die beweging toegetree het, was persone wat geweier het om die "Rooi-eed" te onderteken. Hulle is in die OB vanuit die Verdedigingsmaggeledere opgeneem. Hierdie situasie het daartoe aanleiding gegee dat dié persone in hulle hoedanigheid as stafoffisiere van die assistent-kommandant-generaals van die beweging, dieselfde



administratiewe beginsels en militêre dissipline in die OB begin toepas het.[95] Hulle het dus die bevelskanaal (vergelyk fig. 4) wat gevolg moes word in detail uitgespel sodat die wanorde van die Laas-periode vermy kon word.

**Fig. 4: Skematiese voorstelling van die bevelskanaal in die OB teen die einde van die Laas-periode.**




Met die stigting van die OB is aanvanklik beoog dat net volwasse mans as lede tot die organisasie sou toetree. Die landwye akklamasie waarmee die stigting begroet is, het egter in die praktyk veroorsaak dat

vrouens ook deel van die beweging wou wees. Aangesien daar geen konstitusie in die beginmaande bestaan het nie, was die leiers dus verplig om op 'n ad hoc-grondslag reëling in hierdie verband te tref. In 'n later stadium is dus gepoog om deur middel van die grondwet die interimreëlings te ondervang.

Die eerste konstitusie van die Ossewa-Brandwag is eers tydens 'n vergadering op 17 Julie 1939 te Bloemfontein bekragtig. Hierdie vergadering het dan ook besluit dat elke OB-kommando uit twee afdelings, 'n manlike en 'n vroulike afdeling, sou bestaan. Elk van die afdelings sou egter sy eie offisiere van gelyke rang tot en met dié van kommandant besit, terwyl die manlike kommandant as die senior kommandant beskou is.[96]

Die voorwaardes van lidmaatskap in die eerste gepubliseerde konstitusie van die OB het geen onderskeid tussen mans en vrouens getref nie. Enige blanke persoon kon lid word deur 'n verklaring van belofte te onderteken dat hy/sy die doelstellings van die beweging nastreef, die verpligtinge aanvaar, hom/haar aan die reëls en tug van die beweging onderwerp, sowel as om die offisiere gehoorsaam te wees.[97]

Ten spyte van die op-die-oog-af feministiese inslag van die konstitusie, is daar egter buite om die konstitusie bepaal dat die vrou "soos haar onvergeetlike voorgangster van Voortrekkerdae, die verpleging en versorging van huis en haard (moet) waarneem". Verder is erken: "Uit die aard van die saak is elke Afrikanervrou individueel daartoe instaat", tog "is dit absoluut noodsaaklik dat op georganiseerde wyse deskundige voorligting verskaf word om sodoende te verhoed dat daar 'n hindernis in die pad van harmoniese samewerking tussen die manlike en vroulike afdelings geplaas word deurdat die vrou nie op uiters bekwame wyse (binne) haar afgebakende gebied doeltreffend kan optree nie.[98]

Hierdie groot omhaal van woorde het in effek daarop neergekom dat die vroue-afdelings in elke kommandantskap onder toesig van die kommandant (van die mans) in die lewe geroep is, maar vir die meeste van hulle optredes het hulle egter onder die bevel van hulle eie offisiere gestaan.[99] Hiervolgens kon geen vrou tot 'n rang hoër as die van kommandant vorder nie en sou die basiese indeling van hierdie afdelings op presies dieselfde grondslag as die van die mans plaasgevind het.

Die vrouens moes in die beweging besig gehou word met die bywoon



van gereelde lesings oor eerstehulp en gesondheidsleer wat deur deskundige persone in elke afdeling aangebied is. Daarmee saam moes hulle ook hulp verleen met die reël van verkopings tydens funksies om fondse te in. Hulle hooftaak was egter om as bron van inspirasie vir die mans te dien.[100]

Tydens 'n vergadering van die Grootraad op 9 Julie 1940 te Bloemfontein, is 'n hersiene konstitusie opgestel. 'n Eienaardige toevoeging is as artikel XV bygevoeg: "Die vroue van Suid-Afrika sal net so organiseer soos die mans met hulle eie Grootraad en Beheerrade"[101] — dit terwyl die vrou glad nie onder bespreking was nie![102] Hierdie onverklaarbare optrede het dan ook gelei tot 'n spesiale sitting van die Grootraad op 29 Augustus 1940 ten einde aandag aan die vroue-afdeling van die OB te gee.[103]

Klaarblyklik het die foutiewe wysiging in die konstitusie daartoe gelei dat vroue-offisiere met rang hoër as kommandant aangestel is. Om dié ongerymdheid op te los, is hulle, met behoud van rang, na 'n nuwe liggaam, die Vroue-Adjunkraad (VAR) oorgeplaas.[104] Die werksaamhede van hierdie liggaam sou adviserend van aard wees en onder leiding van die hoogste rang in die provinsie staan. Die raad sou verder gevul word met 'n sekretaresse (deur die leidster benoem) en nie meer as sewe ander lede (deur die bevelvoerder van die provinsie aangestel) nie.[105]

Die totstandkoming van die VAR om die provinsiale Beheerraad met raad insake vrouesake te bedien, het nie die probleem van funksionering opgelos nie. Dit was hoofsaaklik omdat die gesagskanale nog steeds probleme opgelewer het. Gedurende Junie 1941 het die Vrystaatse Beheerraad byvoorbeeld daarop gewys dat VAR-lede slegs adviserende magte besit en in geen omstandighede direk bevele aan vrouekommandante mag gee nie. Ook moes lede van die OB die gewone kanale na die hoofkantoor volg en onder geen omstandighede direk met die VAR skakel nie.[106] Hierdie probleem het hoofsaaklik na vore getree omdat vroue-afdelings dieselfde groei as manskommando's getoon het en terselfdertyd in die hoër hiërargie van die besluitnemingsproses uitgesluit was.

Nadat daar in Augustus 1940 oor die rol, plek en taak van die vrou in die OB besin is, is dit algemeen aanvaar dat die primêre taak van die vroue dié van fondsinsamelaar sou wees. In Kaapland word daar dan

'n spesiale beroep op die vroue-vertakking gemaak om insameling vir ander organisasies te staak, terwyl soveel moontlik vir 'n "spesiale Ossewa-Brandwagfonds" ingesamel moes word.[107] Hierna is dit uitdruklik gestel dat al die werksaamhede onderhewig sou wees aan die samewerking van die hoofkommandant onder wie hulle geressorteer het.

Dié toedrag van sake het die feit dat die vroue onder die bevelvoerende magte van die mans gestaan het, weer eens beklemtoon. Hoewel daar bepaal is dat slegs tydens gesamentlike optredes die kommandant van die manskommando oor beide afdelings die bevel voer, is die vrouekommando's nou onder die toesig van die hoofkommandant wat die bevelvoerende mag oor die vrouekommando's uitgeoefen het, geplaas.[108] Die *status quo* is tot in September 1941 gehandhaaf toe daar 'n meer logiese indeling in Kaapland tot stand gekom het waarvolgens die vrouekragte tot die optimum gemobiliseer is. Lede van die VAR het nou met die rang van hoofkommandant bevelvoerende magte op die staf van die verskillende hoofgeneraalskappe verkry, sodat die VAR 'n deursnit van die provinsie sou verteenwoordig.[109] Die generaalskaphoofkwartier is ook uitgebrei met die toevoeging van 'n assistenthoofkommandant ("flukse vroue met organisasietalent") om op 'n intieme voet kontak met die vrouekommando's te handhaaf. Die organigram van dié OB-afdeling het soos volg daar uitgesien:



**Fig. 5: Skematiese uiteensetting van die vroue-afdeling.**

Provinsiale Beheerraad —— Vroue-Adjunkraad
assistent-kommandant-generaal | voorsitster

hoofgeneraalskap-hoofkwartier | ander hoofgeneraalskappe
hoofgeneraal
hoofkommandant (vroue-afdeling)

generaalskap-hoofkwartier | 2 ander generaalskappe
generaal
assistent-hoofkommandant (vroue-afdeling)

hoofkommandantskap-hoofkwartier | 2 ander hoofkommandantskappe
hoofkommandant (manskommando's)

kommandantskap-hoofkwartier | 2 ander kommandantskappe
vroue- en manskommando's apart

Die rangstruktuur wat nou ingestel is, het egter nie die reeds omskrewe organisasie-verhoudings tussen die hoofkommandant en die kommandant van die vroue-afdeling geraak nie, want die VAR-lid het 'n gelykwaardige rang en die assistent-hoofkommandant 'n mindere rang gehad ten spyte van hulle toevoeging tot onderskeidelik die hoofgeneraal- en generaalstaf. Klaarblyklik is die wysiging ook net gedoen om lippediens aan die selfstandigheid van die vroue-afdeling te bewys, want: "Hierdie reëling en funksie van die vroue-offisiere hierbo genoem is bloot en alleen vir propaganda."[110]

In die Transvaal het hulle ook die rang van hoofkommandant vir die VAR-lede ingevoer, maar met die duidelike voorbehoud dat alle optredes adviserend van aard was, dat hulle hul gevolglik nie met administratiewe aangeleenthede moes bemoei nie en dat hulle bevelvoerende magte

in hulle eie kommando's steeds sou bly soos dit in art. VI (9) van die konstitusie uiteengesit is.[111] In effek het hierdie bepalings beteken dat die optredes van die vroue onderworpe was aan die goedkeuringsbevele van die assistent-kommandant-generaal, die hoofgeneraal, die generaal, die hoofkommandant en selfs die kommandant van die manskommando in die gevalle waar die twee afdelings saam opgetree het.

Die VAR-lede se pligte het dan ook hoofsaaklik gesentreer rondom die vroue se werksaamhede. Daar moes toegesien word dat laasgenoemde hulle besig hou met die aansporing van die manne tot diens en pligsgetrouheid. Daarmee saam moes hulle ook volkspropaganda maak vir "ons eie staatsbestel soos uiteengesit in uniale omsendbrief 2/41", en fondse bymekaar maak deur "kafees" te hou op byeenkomste "sodat die geweldige organisasie van die OB kan aanhou om die volk vir die laaste stormloop te mobiliseer".[112]

Tydens Laas se kommandant-generaalskap is die jeug nie doelbewus by die beweging betrek nie. Ten spyte van 'n opdrag van Laas in Oktober 1939 dat die kommandante aandag moet gee aan die stigting van "Jeugklubs" in hulle afdelings, waar volkspele en sang beoefen kon word,[113] ontwikkel hierdie gedagte aanvanklik nie tot 'n bepaalde afdeling nie.[114] Die gedagte aan 'n jeugafdeling in die OB is egter nie versaak nie en terwyl leiding tot die vestiging en uitbouing van so 'n afdeling dan nooit werklik effektief bepleit en uitgedra is nie, is daar tog verskeie pogings aangewend om wel vir die jeug 'n staanplek in dié organisasie te verseker. So byvoorbeeld is daar in die Paarl 'n Verkennerskorps in die lewe geroep om in die besonder die jeug te betrek.[115] Dié stap is geneem omdat die jongmense "baie fluks" was en die beweging 'n aparte kommando vir hulle onder 'n eie leier wou skep. "Met die oog op die posisie in Stellenbosch, waar die studente en die gewone publiek nooit saamtrek nie, en waar dus ook twee aparte kommando's gestig sal moet word," is besluit om hierdie "jongspankommando's" in die toekoms "Verkennerskorpse" te noem. Die naam het groot byval gevind en dit sou weldra daartoe bydra om die jongmense aan te wakker. Daar is geglo dat hulle mettertyd die "stootkrag" sou word namate die beweging gegroei het. In die toekoms kon hulle dus die "stormtroepe van die beweging word.[116]

Laas het die gedagte aan so 'n jeugkommando verwelkom en sy goedkeuring aan die voorgestelde benaming geheg deur dit die "L.V.K.-afdeling" (Ligte Verkennerskorps?) te noem. Hy het eweneens sorg



gedra dat 200 lapelwapens vir die uitsluitlike gebruik deur dié afdeling na die Kaap gestuur word.[117] Tog het hy die gedagte aan 'n eksklusiewe jeugkommando uiteindelik nie verder gevoer nie.

Die redes waarom daar op die tydstip nie juis aandag aan die jeug gegee is nie, is moontlik toe te skryf aan die onvermoë van Laas om so 'n groeiende organisasie te hanteer, asook die verwardheid wat binne die struktuur geheers het en die interne stryd om van Laas as kommandant-generaal ontslae te raak, asook die negatiewe reaksie vanaf owerheidsweë jeens die beweging. Die mees deurslaggewende rede was egter ongetwyfeld die wete dat die Voortrekkers as 'n reeds bestaande jeugbeweging vir die Afrikanerjeug, so 'n ontwikkeling nie sou duld nie. Eers nadat Laas as KG bedank het, die senior kommandostrukture van die mans en dames finaal georden was en die stryd tussen die OB en die HNP al hoe meer op die voorgrond begin tree het, is die volgende stap geneem deur 'n jeugfront in die lewe te roep.

Die Jeugfront het in Desember 1940 deur 'n magtigingsbesluit van die Grootraad tot stand gekom. Die jeug is in Penkop-kommando's georganiseer waar die lede 'n eed van plig en diens ter ere van God en vaderland afgelê het.[118] Sodra 'n penkop sestien jaar oud geword het, moes hy na die senior kommando oorgeplaas word. Die oorplasing het egter nie outomaties geskied indien die penkop nog 'n skolier was nie. In so 'n geval kon hy, in oorleg met sy offisiere, besluit of hy in die Jeugfront wou aanbly tot aan die einde van sy skoolloopbaan en of hy onmiddellik na die senior kommando oorgeplaas wou word.[119]

Die struktuur van die Penkop-kommando's was identies aan die indeling van die senior kommando's.[120] Hulle het ook van die rang- en struktuurindeling: assistent-veldkornet, sersant en korporaals gebruik gemaak.


Die Penkop-kommando's het na 'n kortstondige bloeitydperk egter 'n terugslag belewe as gevolg van die regering se noodregulasies, omdat die leiers (volwassenes wat in die afdeling die leiding geneem het) in baie gevalle hulle werk (in die beweging) neergelê en in ander minder aktief opgetree het. Die moeilikhede waarmee die generaals ten opsigte van die jeugorganisasie te kampe gehad het, het dan ook hoofsaaklik gewentel om die verkryging van geskikte persone as jeugoffisiere, asook teenstand vanuit die Voortrekkerbeweging.[121]

In 'n poging om die moeilikhede op te los, het 'n reorganisasie van die Jeugfront in Augustus 1942 plaasgevind. Voortaan sou dit 'n afdeling van die Ossewa-Brandwag wees waarvan die organisasie deur spesiale offisiere waargeneem sou word. Jeugveldkornette is in elke kommando aangestel met 'n jeugkommandant op die generaalskap-hoofkwartier en 'n jeughoofkommandant op die hoofgeneraalskap-hoofkwartier. Laasgenoemde sou al die jeugwerk in sy gebied koördineer.

Die basis van die Jeugfront sou egter steeds die veldkornetskap wees. Elke jeugveldkornet sou, in oorleg met die kommandant, jeug-assistent-veldkornette (drie) aanstel waarvan een verantwoordelikheid vir kinders tussen ses en twaalf sou aanvaar. Die ander sou verantwoordelik wees vir die twaalf- tot agtienjariges. Uit die geledere van die Jeugfront is die onderoffisiere, sersante en korporaals aangestel, met dié verskil dat 'n korporaalskap net uit vyf Jeugfronters sou bestaan (vergelyk figuur 6).



**Fig. 6: Skematiese voorstelling van die Jeugfront.**



Die Jeugfront het in navolging van die senior beweging ook in afsonderlike seuns- en dogtersafdelings georganiseer, terwyl geen hoër rang as dié van jeugkommandant in die dogtersafdeling toegelaat sou word nie.[122]

Die Ossewa-Brandwag het nie net persone wat na Afrikanereenheid gehunker het, betrek nie. Sedert sy stigtingsjare het die OB ook 'n tuiste gebied aan diegene wat die beëindiging van alle Britse bande met Suid-Afrika nagestreef het. Hierdie strewe het nie los van die heersende politieke denkrigtings in Europa gestaan nie en sodoende is die Ossewa-Brandwag dan ook vanuit hierdie denksisteme gevoed.[123] Die gebeure wat in die voorafgaande dekades in Duitsland plaasgevind het, het ook minstens hierdie onderafdeling van die Ossewa-Brandwag se optredes, en dalk ook strewes, indirek beïnvloed. Dit het ook in 'n groot mate daartoe bygedra dat die OB na sy ontbinding nie 'n onderwerp was wat die meerderheid Afrikaners vrylik en met nostalgie in herinnering geroep het nie.

Gedurende die twintiger- en dertigerjare het die para-militêre vleuel van die Nazi-party, die Sturmabteilung (SA) of Stormtroepe, 'n groot rol in die bewindsaanvaarding en konsolidering van die Hitler-heerskappy gespeel.[124] Bullock verklaar dan ook dat: "Hitler here hit upon a psychological fact which was to prove of great importance in the history of the Nazi movement: that violence and terror have their own propaganda value, and that display of physical force attracts as many as it repels."[125] Volgens Hitler moes die SA dit duidelik stel dat hulle "a political fighting force" is en nie 'n "debating society" nie. Gevolglik het die SA substansie aan die radikale inslag van die Nazi's verleen deur alles vir die saak op te offer.[126]

Die SA het onder leiding van kaptein Röhm tot 'n privaatleër van die Nazi-party ontwikkel. Uit die SA het daar mettertyd 'n elite-korps, bekend as die Stoss Truppe Hitler, ontwikkel wat as lyfwag van Hitler diens gedoen het. Tydens 'n reorganisasie in 1926 is daar ook 'n nuwe wagafdeling, die Schutz Staffeln (SS) gestig. Die SS was "a hand-picked corps d'elite (sworn to absolute obedience) very different from the ill-disciplined SA mob of camp followers".[127]

Sedert 1937 het Hans van Rensburg en kol. Laas saamgewerk om ook in die Vrystaat so 'n elite-groep in die Burgerkommando's gevestig te kry. Hierdie kommando-erewagte waarop hulle ten volle sou kon vertrou, sou ook as "'n Afrikaanse volksleër" gebruik kon word indien daar ooit weer 'n gewelddadige stryd in Suid-Afrika sou ontbrand.[128] Die instelling van kommando-erewagte is egter deur die Verdedigingsmaghoofkwartier afgekeur. Van Rensburg het hierop aan Laas die wenk gegee dat hulle opgeneem moes word in die Ossewa-Brandwag om teenkanting van owerheidsweë te vermy.[129]




Laas het sedert die ontstaan van die Ossewa-Brandwag 'n waas van geheimsinnigheid om die beweging geweef en oral was daar intriges van spioene en 'n beoogde staatsgreep waarby hy en die beweging betrokke sou wees.[130] Nietemin moes hy tog die gedagte aan stormtroepe gepropageer het, want J.A. Smith, OB-gebiedsleier, skryf in Maart 1940 aan hom dat die jongmense "die stootkrag (sal) word namate die beweging ouer word. Dit sal ons 'Stormtroepe' kan word."[131]

Klaarblyklik het daar in die Laas-periode wel Stormtroepe ontstaan, maar of hulle ooit gefunksioneer het, kon geen bewys voor gevind word nie. Die feit bly egter staan dat daar in die eerste helfte van 1940 reeds hier en daar groepies op eie stoom onwettighede en onreëlmatighede gepleeg het.[132]

Die Stormjaers het in die tydperk 1939–1940 (Laas-periode) van die OB-struktuur daarin verskil dat sommige range van die beheerstruktuur aansluiting gevind het by die Burgermagkommando's van die Unie se verdedigingsmagte. Beide Laas en Van Rensburg het van die indeling 'n intieme kennis besit. Die aanvanklike indeling het egter ook 'n weerspieëling van die OB-kommandostelsel gegee deurdat dit ook in eenhede van drie ingedeel was (vergelyk figuur 7).

**Fig. 7: Skematiese uiteensetting van die Stormjaers in die Laas-periode**[133]






Indien Laas se organisasievermoëns egter in gedagte gehou word, is dit hoogs onwaarskynlik dat die indrukwekkende planne ooit verder as enkele groepe binne die OB gevorder het — groepe wat uit die aard van die saak by mnr. Abraham Spies se organisasie in die Transvaal betrokke sou geraak het.

Abraham Spies het, in sy betrekking as organiserende sekretaris van die Ossewa-Brandwag in Transvaal, gou bewus geword van 'n sterk drang na aksie onder veral die jonger Afrikaners aan die Rand. In 'n poging om hierdie aktivistiese neiging onder beheer te bring, het Spies 'n beweging gedurende April 1940 in die lewe geroep[134] wat "baie besig gehou (moet) word, om sodoende dissipline en tug te kan handhaaf".[135] Dit is logies dat die Stormgroepe van Laas baie gou in die "nuwe" beweging opgeneem sou word, omdat hulle ideale moontlik in die beweging verwesenlik sou kon word.

Spies het 'n program opgestel, dit aan die Transvaalse Beheerraad van die OB voorgelê en tydens 'n vergadering van verteenwoordigers uit alle kommando's in Transvaal is die oogmerke van die groep baie duidelik uiteengesit.[136] Daar is veral groot klem op die kwessie van dissipline gelê. Gereelde byeenkomste waartydens die manne geoefen moes word, is gehou sodat hulle besig gehou kon word. Sodoende kon onwettighede en onreëlmatighede aan bande gelê word.[137]

Volgens Spies[138] is die gedagte aan die Stormjaers eers gebore tydens die wanordelikhede tussen anti-regeringsgesindes en soldate wat openlik op 3 en 10 Augustus 1940[139] gebots het. Dié botsing het by die Werda Klub in Johannesburg plaasgevind tydens optredes van Hendrik Susan en sy Boere-orkes. Na afloop van só 'n onderonsie was dit die bekende rofstoeier, Johannes van der Walt, wat aan die hand gedoen het dat "iets soos die Stormjaers of 'n ding" tot stand gebring moes word om die toekoms soortgelyke gebeure te kan hanteer.[140]

Die Stormjaers het egter reeds teen Augustus 1940 bestaan. Dit plaas nou nuwe inhoud in Johannes van der Walt se woorde. 'n Reeds bestaande organisasie binne die Ossewa-Brandwag het gevolglik 'n verandering van doel ondergaan: van bloot besighou (dril- en ander oefeninge ter wille van dissipline en tug) na 'n taak om te verrig.

Kol. Laas het hom in die tydperk van sy kommando-generaalskap geen rus gegun nie. Hy was voortdurend op reis en het in dolle vaart "gestig

en ontstig",[141] terwyl daar bittermin boekgehou is van al hierdie bedrywighede en werksaamhede. Sy onbekwaamheid om 'n groeiende organisasie te beheer, sy geheimsinnige houding, sy impulsiewe handelinge en sy onverantwoordelike en teenstrydige bevele het verwarring en selfs mismoedigheid by sommige lede veroorsaak.

Sedert ongeveer Junie 1940 het daar op 'n georganiseerde grondslag 'n sterk beweging na vore getree om die OB se leiding te suiwer. N.G.S. van der Walt beweer dat jong manne vanuit die Vrystaat en Pretoria hiervoor verantwoordelik was.[142] A.S. Spies en J.D. Jerling was die voormanne van die opstand en het ook die organisasie daarvan behartig.[143]

Dit is ook so dat die Stormjaers 'n prominente rol in die goedbeplande aksie om van Laas ontslae te raak, gespeel het. Op 3 Oktober 1940 is Laas se bedanking aanvaar, terwyl die kandidaat van die Stormjaers, dr. Hans van Rensburg, op 10 Desember 1940 tot die nuwe kommandant-generaal van die beweging verkies is.[144]

* * *

Na Desember 1940 het 'n duidelike koersverandering in die hantering van die beweging ingetree. Dit was 'n verandering wat nie net die onmin tussen die regering en die OB verhoog het nie, maar wat ook tot die breuk met die Herenigde Nasionale Party gelei het. Dit is dan ook ironies dat die beweging wat Afrikanereenheid moes vestig, hierna mede-verantwoordelik was vir 'n tydperk waarin Afrikaner weer eens teenoor Afrikaner gestaan het — 'n tydperk waarin 'n stryd om die "hart" van die Afrikanerdom gevoer is, want die OB het sy strewe na 'n regeringsbestel waarin die demokrasie geen staanplek sou hê nie, openlik verkondig. Vanuit hierdie strewe het daar ook op strukturele gebied veranderinge in die OB ingetree, want die organisasie moes voorbereid wees om die gesag in Suid-Afrika oor te neem sodra die Duitse oorwinning dit moontlik gemaak het.



## VOETNOTAS

1 H.B. Thom, *D.F. Malan*, pp. 99–100.
2 A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 11.
3 Dit word nie nodig geag om bronverwysings te verskaf nie.
4 Vgl. F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se Groot Trek na die stede;* E.P. du Plessis, *'n Volk staan op: die Ekonomiese Volkskongres en daarna.*
5 P.F. van der Schyff, "Generaal, ons volk vergaan!" in *Beeld,* 7.2.1983.
6 Vergelyk P.F. van der Schyff se artikel in *Radio en TV Dagboek*, 5.11.1977: "Koalisie: Towerwoord van die dertigerjare" asook artikel in *Beeld*, 7.2.1983: "Generaal ons volk vergaan!" en artikel in *Beeld*, 1.3.1982: "Drama van 'n ander NP-krisis". Die uitvoerigste verslag en ontleding van hierdie ingrypende gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse politiek is vervat in J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party deel 3: Die eerste bewindsjare, 1924–1934: II.*
7 Vergelyk M.C.E. van Schoor: "Die stryd om behoud van die republikeinse onafhanklikheid" in F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz (red.), *Die Republiek van Suid-Afrika: Agtergrond, ontstaan en toekoms; N.M. Stultz, The Nationalists in Opposition, 1934–1948;* G.D. Scholtz, *Hertzog en Smuts en die Britse Ryk.*
8 P. de Klerk, *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag,* pp. 5–8. Vergelyk ook T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, pp. 153–154.
9 F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme ..., p. 107.*
*10 A.J.H. van der Walt, 'n Volk op trek*, p. 8.
11 Vergelyk onder andere O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde* en A.P.J. van Rensburg, "Iets moet weer ons wese roer!" in *Die Huisgenoot*, 20.12.1968.
12 OB-Argief, Bandopname (tr.): J.H. Abraham.
13 L.J. du Plessis, *Agter tralies en doringdraad,* p. 18.
14 A.J. Böeseken, *Simon van der STel en sy kinders*, p. 200.
15 A.P.J. van Rensburg, "Iets moet weer ons wese roer!" in *Die Huisgenoot*, 20.12.1968.
16 D. Mostert, *Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika*, p. 57.
17 P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, p. 15.
18 Vir meer besonderhede oor hierdie tydvak, vergelyk onder andere artikel van P.F. van der Schyff in *Radio en TV Dagboek*, 10, 16–10–1977: "So is Suid-Afrika by die Oorlog betrek". Vergelyk ook M.C.E. van Schoor, "Die stryd om behoud van die republikeinse onafhanklikheid". Ook die biografieë van Hertzog, deur C.M. van den Heever en Oswald Pirow, asook biografieë van ander politieke leiers uit die tyd bevat meerdere

of mindere inligting oor hierdie gebeure.
[19] Vergelyk onder andere A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 8.
[20] Vir besonderhede, raadpleeg M. Roberts & A.E.G. Trollip, *The South African Opposition*, 1939–1949, pp. 17–19; P.F. van der Schyff, *Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948*, pp. 494–504; P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, pp. 13–14; F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme ...*, p. 116; A.N. Pelzer, *Die Afrikaner-Broederbond*, pp. 180–181; J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, p. 13.
[21] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 12.
[22] Vir uitvoerige besonderhede, kyk P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, pp. 16–23. Vergelyk ook J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, pp. 22–25.
[23] H. van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 158.
[24] J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, pp. 14–17.
[25] OB-Argief, Hans van Rensburg-versameling: toespraak 7.10.1938.
[26] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 11. Vergelyk ook P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, p. 25.
[27] Kyk A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 11; F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme ...*, p. 115: N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[28] Kyk F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme ...*, pp. 116–120, asook J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag*, p. 29.
[29] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939".
[30] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[31] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag."
[32] Vergelyk ook A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 11.
[33] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die ossewa-Brandwag" en "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939".
[34] Dié term is geleen by P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag*, p. 58.
[35] *Die Volksblad,* 6.2.1939; vergelyk ook N.G.S. van der Walt-vers., "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[36] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 11.
[37] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".



[38] N.G.S. van der Walt-vers.: Dagboek, 30.4.44, Vergelyk ook N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[39] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[40] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag". Vergelyk ook die toepaslike korrespondensie in die versameling.
[41] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[42] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939" en brief PJO/NGSvdW, 10.4.1939. Vergelyk ook voetnoot 54, onder. Die term "kosjer" dui op rituele gebruike.
[43] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[44] N.G.S. van der Walt-vers., band 1/1: Brief JvWdV/NGSvdW, 8.3.1939.
[45] N.G.S. van der Walt-vers., band 1/1: Brief NGSvdW/CJ Lombaard, 20.3.1939.
[46] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Verklaring deur P.J. Oosthuizen".
[47] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag" en "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939".
[48] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag", vergelyk ook band 1/1: brief J. van Wyk de Vries/NGSvdW, 8.3.1939.
[49] N.G.S. van der Walt-vers., band 1/1: brief JvWdeV/NGSvdW, 10.5.1939.
[50] Kyk P.F. van der Schyff se ander bydrae in die RGN-verslag (afdeling V). In dieselfde skrywer se ondersteunende verslag, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog*, word vollediger op Laas se beweerde skakeling met hierdie elemente ingegaan.
[51] Vergelyk N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag" en "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939".
[52] N.G.S. van der Walt--vers., band 2/13: "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939". Vergelyk ook *Die Volksblad*, 15.6.1939 en P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog*, p. 29.
[53] OB-Argief, KG-stukke: Korrespondensie B. Esterhuizen/Sekr. OB, 20.3.1939 e.a.
[54] Vergelyk *Die Volksblad*, 15.10.1939 en N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Verklaring deur P.J. Oosthuizen, 10.6.1939".

[55] OB-Argief, GR I/1/3: Notule, 17.7.1939.
[56] OB-Argief, GR I/1/3: Notule, 17.7.1939.
[57] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[58] Dié aangeleenthede word breedvoeriger uitgewerk in hoofstuk 3, wat oor die OB en die Tweede Wêreldoorlog handel. Vergelyk ook P.F. van der Schyff, *Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948,* p. 548. e.v.
[59] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[60] OB-Argief, KG-stukke: brief H. Martin/A. Benade, 27.4.1940.
[61] N.G.S. van der Walt-vers., band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag".
[62] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek,* p. 15. Vergelyk ook P.J. Oosthuizen se verklaring in *Die Volksblad*, 15.6.1939 en sy brief aan NGSvdW, gedateer 10.4.1939.
[63] J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag,* p. 37; A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, pp. 23–24, 31.
[64] Kyk hoofstuk 3.
[65] Kyk hoofstuk 2.
[66] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek of 'n kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag*, p. 11. P.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938–1952* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983), p. 25.
[67] *Die Volksblad*, 6.2.1939 berig.
[68] OB-Argief. Kommandant-generaal (KG), korrespondensie: D.W. Schoeman/J.C.B. Schoeman, 13.1.1939.
[69] N.G.S. van der Walt-versameling, korrespondensie: J. van der Merwe/J.C.C. Laas, 19.2.1939.
[70] OB-Argief KG, korrespondensie: sekretaris/H. Henn, 10.4.1939.
[71] N.G.S. van der Walt-versameling: konsepkonstitusie vir die OB, [c. 1939].
[72] OB-Argief Grootraad, konstitusies: eerste gepubliseerde konstitusie [c. 1939].
[73] OB-Argief KG, korrespondensie: J.L. Uys/J.C.C. Laas, 2.9.1939.
[74] OB-Argief KG, korrespondensie: J.J. Kruger/J.C.C. Laas, 7.11.1939.
[75] F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme ...* (D.Phil-proefskrif), p. 147.
[76] Kyk stukke in OB-Argief Grootraad, konstitusies.
[77] J.D. Vorster, *Die verdedigingstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1864* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1939), p. 7 e.v.



[78] J.J. van Heerden, *Die Kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek* (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1949), p. 345.
[79] P.E. Roux, *Die geskiedenis van die Burger-kommando's in die Kaapkolonie, 1652–1878* (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, US, 1946).
[80] J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1985), p. 43.
[81] J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur ...* (M.A.-verhandeling), pp. 67–70.
[82] J.D. Jerling-versameling, 158/12, omsendbriewe en bevele: organisasiemetode van die OB, Junie 1940. Vergelyk ook F.J. van Heerden, *Nasionaal-Sosialisme ...* (D.Phil,-proefskrif), pp. 394–395.
[83] J.D. Jerling-versameling, 158/13, notules van die Grootraad, 3.10.1940.
[84] J.F. van der Merwe-versameling, 103/8, Grondwetlike stukke — die OB: die organisasie, [c. 1940]. Kyk ook OB-Argief OVS Beheerraad, organisasie: die organisasie van die OB, [c. 1940].
[85] J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur ...* (M.A.-verhandeling), p. 101.
[86] J.F. van der Merwe-versameling, 103/8, Grondwetlike stukke — die OB: die organisasie, [c. 1940].
[87] N.G.S. van der Walt-versameling, korrespondensie: J.F. du Plooy/sekretaris OB, 13.7.1939. Die briefwisseling het gehandel oor teenkanting teen R. Rudman ('n Engelssprekende) se aanstelling as generaal in Natal. Wantroue en manteldraaiery word vrylik genoem.
[88] OB-Argief KG, korrespondensie: R. Meyer/J.C.C. Laas, 15.8.1939.
[89] OB-Argief KG, korrespondensie: T.C. Nel/J.C.C. Laas, 14.9.1939.
[90] OB-Argief KG, korrespondensie: R. Meyer/sekretaresse, 21.11.1939. Vergelyk ook E.B. Cadle/R. Meyer, 18.11.
[91] OB-Argief KG, korrespondensie: R. Rudman/J.C.C. Laas, 13.11.1939.
[92] OB-Argief KG, korrespondensie: R. Rudman/J.C.C. Laas, 5.2.1940 en 30.3.1940.
[93] OB-Argief KG, korrespondensie: sekretaresse/R. Meyer, 24.11.1939 en ook sekretaresse/R. Rudman, 24.1.1940.
[94] OB-Argief KG, korrespondensie: R. Rudman/J.C.C. Laas, 26.12.1939.
[95] OB-Projek Advieskomitee, kommentaar: G. Radloff/voorsitter, 17.5.1983. Vergelyk ook F.G.T. Radloff. 1983. *OB-herinneringe:* transkripsie (OB-Argief) en C.L. de Jager. 1974. *OB-herinneringe:* transkripsie (OB-Argief).
[96] OB-Argief Grootraad, notules: OB-vergadering, 17.7.1939.

[97] OB-Argief Grootraad, konstitusies: eerste gepubliseerde, [c. 1939].
[98] J.D. Jerling-versameling, 158/12, omsendbriewe en bevele: organisasiemetode van die OB, Junie 1940.
[99] J.F. van der Merwe-versameling, 103/8, Grondwetlike stukke — die OB: die organisasiemetode van die OB, Junie 1940.
[100] J.D. Jerling-versameling, 158/12, omsendbriewe en bevele: die organisasiemetode van die OB, Junie 1940.
[101] OB-Argief Grootraad, konstitusies: tweede gepubliseerde, [c. 1940].
[102] Vergelyk in hierdie verband J.D. Jerling-versameling, 158/13, notule: 9.7.1940.
[103] OB-Argief Grootraad, Die vroue-afdeling van die OB, [c. September 1940].
[104] J.D. Jerling-versameling, 158/14, notules: aanhangsel tot die notule van die dagbestuur, 16.9.1940.
[105] OB-Argief Grootraad, Die vroue-afdeling van die OB, [c. September, 1940].
[106] OB-Argief Gebied C/Vrystaat, bevele: Vrystaatse OB-bevel 10/41, 16.6.1941.
[107] J.A. de W. Strauss-versameling (OB-Argief), bevele: OB Kaapland bevel S/2, 8.11.1940.
[108] OB-Argief Grootraad, Die vroue-afdeling van die OB, [c. September 1940].
[109] OB-Argief Gebied A/Weskaap, bevele: OB Kaapland order 37/41, 15.9.1941.
[110] OB-Argief Gebied A/Weskaap, bevele: OB Kaapland order 37/41, 15.9.1941.
[111] OB-Argief Gebied E/Transvaal, omsendbriewe: omsendbrief TRB 3/41, 9.12.1941.
[112] OB-Argief Gebied C/Vrystaat, bevele: Vrystaatse OB-bevel 5/42, [1942].
[113] OB-Argief KG, korrespondensie: sekretaresse/J.J. Malherbe, 27.10.1939 en sekretaresse/dr. B.A. de Wet, 27.10.1939. Vergelyk ook P.J.J. Prinsloo, *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag ...* (M.A.-verhandeling), p. 55.
[114] OB-Argief KG, korrespondensie: sekretaresse/W.C. Steenkamp, 4.5.1940.
[115] OB-Argief KG, korrespondensie: R.P. Zondag/sekretaresse, 5.3.1940.
[116] OB-Argief KG, korrespondensie: J.A. Smith/kol. Laas. 5.3.1940.
[117] OB-Argief KG, korrespondensie: sekretaresse/R.P. Zondagh, 16.3.1940.



[118] J.A. de W. Strauss-versameling, bevele: OB Kaaplandbevel S/10, 12.1.1941.
[119] J.A. de W. Strauss-versameling, bevele: OB Kaaplandbevel 32/41, 13.7.1941.
[120] J.F. van der Merwe-versameling, 103/11, ledelyste: Ficksburg 1940–1941.
[121] M.S.F. Grobler-versameling (OB-Argief), verslae: verslag oor die werksaamhede van die Penkop-kommando, Pretoria, 27.6.1941.
[122] *Die OB*, 18.12.1942: berig.
[123] P. de Klerk, *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag* (manuskrip, OB-Argief), p. 8.
[124] P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog*, p. 200 (in P.F. van der Schyff (projekleier), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (verslag), pp. 155–280).
[125] A. Bullock, *Hitler: a study in tyranny*, p. 72.
[126] P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog* p. 200.
[127] A. Bullock, *Hitler ...*, pp. 140–141.
[128] J.H. Coetzee. 1974. *OB-herinneringe*: transkripsie (OB-Argief).
[129] J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur ...* (M.A.-verhandeling), pp. 31–33. Vergelyk ook (Ossewa-Brandwag) *Jaarboek, 1949*, p. 7.
[130] J.H. Coetzee. 1974. *OB-herinneringe: transkripsie.*
[131] OB-Argief KG, korrespondensie: J.A. Smith/kol. Laas, 5.3.1949.
[132] P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog* (verslag), p. 204.
[133] G.L. Brits-versameling (OB-Argief), Stormjaers 1939–1940: samestelling van 'n stormkommando.
[134] A.S. Spies. 1983. *OB-herinneringe:* transkripsie (OB-Argief).
[135] J.D. Jerling-versameling, 158/12, omsendbriewe en bevele: organisasiemetode van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.
[136] P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog* (verslag), p. 205.
[137] J.D. Jerling-versameling, 158/12, omsendbriewe en bevele: organisasiemetode van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.
[138] A.S. Spies. 1983 *OB-herinneringe:* transkripsie.
[139] P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog* (verslag), p. 205.
[140] A.S. Spies. 1983. *OB-herinneringe:* transkripsie. Vergelyk ook P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag en die Tweede Wêreldoorlog*, (verslag) p. 205.

[141] N.G.S. van der Walt-versameling, band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag."
[142] N.G.S. van der Walt-versameling, band 2/13: "Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag."
[143] J.F.J. van Rensburg jr., *My vader: Kommandant-generaal van die Ossewa-Brandwag* (manuskrip, OB-Argief, s.a.), p. 78.
[144] A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, pp. 23–32.